*Woensdag* **4 Junie**

Skrifgedeelte: Nehemia 9:1-37
Fokusgedeelte: Nehemia 9:33-35 (AFR83/AFR2020)

In Nehemia 9 vind ons die oorblyfsel van Israel wat ná hulle ballingskap terugkeer om Jerusalem te herbou. Op hierdie stadium is hulle nog onderdane van die Persiese Ryk – hulle was slawe in hulle eie land. Die Wetlesing in hoofstuk 8 dryf die Israeliete in hoofstuk 9 tot gebed, waarin hulle die Here se wonderdade deur die geskiedenis heen erken. Dit is in hierdie gebed, in Nehemia 9:33-35, dat die Israeliete hulle skuld besef; die Here was nog net goed vir hulle, maar hulle het Hom nie gedien nie en nie van hulle boosheid weggedraai nie. In kort, hulle het diep onder die indruk gekom van hulle eie sondigheid.

Sonde is ongehoorsaamheid – in daad, gedagte of gesindheid – aan God se wet, en die loon van die sonde is die dood. Ons Here Jesus sê Self in Lukas 13:3 dat as ons nie bekeer nie, sal ons vergaan – tensy Iemand ons van ons sondes verlos. Sondebesef en sonde-erkenning – op individuele asook gemeenskaplike vlak – kom nie natuurlik nie, en daarom kan ons maklik vergeet om aktief selfondersoek te doen. Soos ons in Nehemia 9 sien, ware sondebesef kom deur die verkondiging van die Woord, spesifiek wanneer ons met die spieël van die Wet gekonfronteer word.

Dit is hoekom die Wet nog in ons eredienste gelees word. Dit moet ons dryf om soos die Israeliete uit te roep: "Ons verkeer in groot nood" (9:37), en na die voet van die kruis van ons Verlosser te gaan, want Hy het gekom om ons van ons sondes te verlos en ons met die Vader te versoen. Jesus Christus se werk aan die kruis verander ons ellendige uitroep van nood oor ons sonde in 'n nuwe, jubelende lied. Daarom, mag ons bid dat die Heilige Gees vir ons ware sondebesef sal gee.

*Sing: Skrifberyming 9-3:1-2*

*Ds. JA (Jandré) Coetsee (Agulhas)*